Verwysing: 20170830-4417
13/2/3
Navrae: R van der Horst

Assesseringsbestuursminuut: 0014/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Onderwerp: 2017 Spesiale kondoneringstelsel vir leerders in die Senior Fase

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het Nasionale-assesseringsomsendbrief 1 van 2017 op 29 Augustus 2017 vrygestel waarin aangedui word dat 'n spesiale kondoneringstelsel goedgekeur is om leerders, wie se bevordering na die volgende graad ernstig benadeel mag word as gevolg van die vereiste om vlak 3 (40%) vir Wiskunde te behaal, te akkommodeer.

2. In 'n geval waar die leerder al die vereistes ten opsigte van bevordering van een graad na die volgende (d.w.s. graad 7, 8 en 9) nagekom het, maar nie 'n vlak 3 (40%) in Wiskunde behaal het nie en daarom teruggehou moet word, moet sodanige leerder ten opsigte van Wiskunde gekondoneer word.

3. Die proses van puntaanpassing soos uiteengesit in Assesseringsbestuursminuut 0020/2015 bly van toepassing. Dit beteken dat die puntaanpassings soos beskryf in Assesseringsbestuursminuut 0020/2015, **eers toegepas moet word** (5% vir drie vakke in 2017) en eers daarna kan hierdie spesiale kondoneringstelsel in werking tree.

4. Daar word aanbeveel dat skole wat van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se rekordering- en rapporteringsprogramme vir graad 7, 8 en 9 gebruik maak, die proses moet volg wat hieronder beskryf word:

4.1 Daar sal van skole verwag word om nuwe programme vir graad 7, 8 en 9 **in kwartaal 4 van 2017** van SOBIS (**2017 weergawe 3**) af te laai en dan hul bestaande lêers by die nuwe weergawes in te voer.

4.2 'n Gedetailleerde stapsgewyse prosedure sal op SOBIS voorsien word sodra die 2017 weergawe 3-programme gelaai is. Daar word voorsien dat weergawe 3 teen 30 Oktober 2017 beskikbaar sal wees. Die aanpassing sowel as die kondoneringsproses sal heeltemal geoutomatiseer wees.

4.3 Die skedule, verifikasieblad en verslagkaart sal outomaties die veranderinge weerspieël.

5. Skole wat van hul eie rekordering- en rapporteringsprogramme gebruik maak en leerders het wat deur hierdie spesiale kondoneringstelsel geraak sal word, moet die proses soos beskryf in die aangehegte (**Bylae A**) DBO Nasionale-assesseringsomsendbrief 1 van 2017, aan die einde van die jaar voltooi.

6. Die bygewerkte skedule, aanpassingslys en verifikasieblad moet uitgedruk en aan die einde van die jaar aan die kringbestuurder vir verifiëring voorgelê word.

7. Waar nodig, moet die finale bevorderingstatus van leerders op SOBIS as "*Promoted with Mathematics condonation*" vasgelê word.

8. Let asseblief daarop dat hierdie kondoneringstelsel net in 2017 op graad 7, 8 en 9 van toepassing is.

9. In die geval van graad 9-leerders, moet daarop gelet word dat leerders wat (nadat die kondonering goedgekeur is) nie 'n minimum punt van 30% vir Wiskunde behaal nie, nie toegelaat sal word om Wiskunde in graad 10 te neem nie. Sodanige leerders mag net vir Wiskundige Geletterdheid inskryf. Hierdie besluit sal ook 'n impak op vakkombinasies hê (Fisiese Wetenskap en Rekeningkunde wat Wiskunde vereis).

10. Die bovermelde kondonasiestelsel verander geensins die vakprogramvereistes of die ander vakbevorderingsvereistes vir die Senior Fase nie.

11. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 7, 8 en 9-onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-09-12